Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas

Baie welkom by Trinitas!
Ons sien onsself as 'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is.

SONDAG, 18 AUGUSTUS 2019

OGGEND 09:00

SOEK EN DEEL JOU WYSHEID

Skriflesing: Spreuke 13:1-25

Kennis en wysheid is nie dieselfde. Daar is verskeie staaltjies wat die onderskeid verduidelik. Wysheid, in die opsig wat die Bybel is ons leer, is praktiese kennis. Daarom moet ons wysheid soek by die Here. As dit net by kennis bly, los dit ons leeg en dwaas. Wysheid is die hoor, leef en deel van dit wat waarlik goeie nuus is.

AAND 18:00

WANNEER IS JY KLAAR GELEER?

Ken jy die Bybel? Het jy die Bybel al deurgelees? Kan jy die Bybel ooit volledig ken?
Ons gesels saam oor die belangrikheid om nooit op te hou om die Bybel te leer nie. Jy het werklik die kennis, wysheid en insig nodig.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

AAN DIENS

Ouderlinge

Alan Brotherton, Fanie vd Merwe

Diakens

Warren Pile, Christa Snyman

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas

Vandag – Thuso-fonds

25 Augustus – Koningskinders

BELANGRIKE DATUMS VIR AUGUSTUS

Vandag. Diakonievergadering

25 Aug. Nagmaal en familie-ete

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

facebook.com/GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110

Koster: Elsa Prinsloo 0794778699

Kassier: Emil Janeke 0798725286

Afloskoster: Vakant

Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

Diakonie bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening 530340457

Predikant: Peter Venter

☎0797338778, peter@gktrinitas.co.za

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 3 jaar tot graad 4 is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Petra Tromp: ☎0823316151.

JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6

Sondae 16:30: Graad 7 – 11

LIEF EN LEED

- Ds. Henk van Bemmel ☎0766828286 is in Midvaal hospitaal opgeneem.
- Doris Coetzee ☎0828205604 word vandag in Midvaal opgeneem vir operasie aan haar voet.

Voorbidding word vir alle lidmate gevra wat met pyn en beproewings worstel.

(Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.)

SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Kontak James en Toetie Terblanche ☎0825723328 en ☎0718721741.

VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

18/08	Retha Janeke	☎0788008814
19/08	Simon Smit	☎0836653535
20/08	Kenny Booysen	☎0724147115
20/08	Gerhard Hennop	☎0833064040
21/08	Rochelle Ehlers	☎0788010131
22/08	Doris Coetzee	☎0828205604
22/08	Janine Vorster	☎0829050250
23/08	Chrissie Nel	☎0722099795
24/08	Alta vd Schyff	☎0832303592
24/08	Cya van Helden	☎0823922093
24/08	Rina Wiechers	☎0828773674

SPESIALE VERJAARSDAE

23 Aug. Chrissie Nel, 82

HUWELIKSHERDENKINGS

Geen.

GEHOORAPPARATE
Agter in die kerk onder die trap. Vra gerus die klankman vir hulp.

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel.

DR. FRANS MINNIE
Afsprake kan deur die kerkkantoor gemaak word met Dr. Minnie (pastorale berader) **Maandae** by die kerk vir lidmate van Geref. gemeentes. Donasies: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

DIENSGROEPE
In die saal is daar plakkate met ons diensgroepe. 'n Inligtingsboekie sal ook binnekort beskikbaar wees.

TEESKINK
Vanoggend skink Jorien Duminy se groepie tee. Volgende Sondag is nagmaal, daar sal dus geen tee wees nie. Hestie Venter ☎0836498372.

TRINITAS-BOEKHOEK
Verskeie boeke is beskikbaar agter in die saal om tuis te gaan lees. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Kospakkies word maandeliks gepak en uitgedeel. Verskeie droë bestanddele en toiletware kan geskenk word. **Jy kan ook 'n kospakkie borg @R200 (wat alles insluit).** Jolani Lourens ☎0823359586.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Gert Visser ☎0834491036. Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

Die HELPER
Bied praktiese hulp vir verswakte of bejaarde lidmate, en enkellopende dames. NF van Tonder ☎0823356698.

Trinitas CIA Christus in Aksie

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

OP DIE KENNISGEWINGBORD
- GKSA nuus, Feba Radio, Geopende Deure, Transoranje nuus, Die Saaier, Wesskamp in die Berge, Rooi4 Orrel Duo optrede, GK Meyerspark, Jan Kriel nuus, Bybelgenooitskapnuus

KLEIN ADVERTENSIES
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop 'n verskeidenheid produkte.
- Algemene herstelwerk, Renier de Beer ☎0748917646.
- Adri Geere ☎0769592923 benodig admin, sekretariële of kassierwerk.
- Louise Bolt ☎0829697311 benodig admin of sekretariële werk.
- Offenbach's is 'n koffiewinkel wat heerlike tuisgebakte koek verkoop. Dinsdag tot Vrydag, 09:00 tot 17:00. Franciska vd Merwe ☎0825167653.

HULPKOSTERPOS
Die hulpkosterpos is vakant. Aansoeke kan by Gerrit van Wyk ☎0711032110 of die kerkkantoor ingedien word.

Gereformeerde Kerk Trinitas
Inkomste en Uitgawe: Julie 2019
Gemeenteverslag

INKOMSTE

Beskrywing	Werklik	Begroot	Afwyking
Bydraes	156 584	147 500	9 084
Deurkollekte	0	0	0
Rente verdien	13 847	13 788	59
Berading	2 481	4 530	-2 049
Inst. van Erediens	0	0	0
TOTALE INKOMSTE	**172 912**	**165 818**	**7 094**

UITGAWES

Beskrywing	Werklik	Begroot	Afwyking
Woordverkondigers	61 358	60 556	802
Eredienste en Kunste	1 788	3 250	-1 462
Toerusting en Opvoeding	5 252	0	5 252
Versorging	6 495	6 495	0
Toekomsspan	0	150	-150
Uitreikspan	0	1 000	-1 000
Administrasiespan	24 012	27 570	-3 558
Salarisse: Personeel	21 951	22 283	-332
Kerkkantoor	2 623	2 533	90
Ramings en Klassis	44 300	43 000	1 300
TOTALE KERKUITGAWES	**167 779**	**166 837**	

Trinitas Inkomste	172 912	165 818	
Trinitas Uitgawes	-167 779	-166 837	
Oorskot / (Tekort)	**5 133**	**-1 019**	

Liquidity Plus as volg: Julie 2019

Liquidity Rente	R	26 874,27
Uitbreidingsfonds	R	71 893,18
Gasvryheidsdiensgroep	R	18 797,82
Chris Buys fonds	R	16 793,62
Studiebeurs	R	46 223,88
Projektor	R	2 610,48
Familie-projek	R	3 938,56
Springkasteel	R	779,48
Groeipyne	R	15 498,95
Toerusting & Opvoeding	R	1 500,00
Ander	R	7 431,00
Kermis WINS	R	43 000,00
BALANS	**R**	**255 341,24**

NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daaroor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (KO Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.

Indien jy vriende of familie het wat nie lidmate van Trinitas is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme hiervan aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
   a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
   b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
   c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laatste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.

Huisgodsdiensriglyn
18-24 Augustus

Lees saam: 2 Konings 6:24-33

Agtergrond:
As ons hierdie gedeelte deurlees, maak dit glad nie sin dat daar so iets in die Bybel opgeskryf is nie. Waar is die liefde en die genade? Hier lees ons dat kindertjies geëet word. Waar is God as sulke gewelddadige dinge gebeur? In hierdie tyd is Elisa die profeet nadat hy die mantel by Elia oorgeneem het. Deurlopend sien ons wonderwerke deur die profeet om te beklemtoon dat God groter is as al die slegte konings en dat niks buite sy raadsplan gebeur nie.

Vrae:
- Lees Deuteronomium 28:53-57
- God belowe dit wat in 2 Konings 6 gaan gebeur
    - Is God dan ongenadig wanneer Hy sy regverdigheid ten toon stel?
    - Het die vrou wat haar kind weggesteek het, gesondig?
    - Is die vraag wat die koning vra in vers 31 regverdig?

Bid:
- Dank God vir sy regverdigheid
- Vra dat ons menslike verstand ook God se regverdigheid beter sal verstaan
- Vra dat ons in tye van swaarkry en teëspoed steeds God sal dank vir wie Hy is

Sing saam:

SB. 10-2
Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking;
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen
vir ewig en ewig, amen.